Sneller Verbatim/MS

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

PRETORIA SAAKNOMMER: 23675/03

2004-03-03

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE
(1) RAPPORTEERBAAR JA/NEE
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS JA/NEE
(3) HERSIEN

DATUM 30/3/2004 HANDTEKENING

In die saak tussen

| | |
|---|---|
| DESTINATA SKOOL | 1ste Applikant |
| DIE BEHEERLIGGAAM VAN DIE DESTINATA SKOOL | 2de Applikant |

en

| | |
|---|---|
| DIE DEPARTEMENTSHOOF: DEPARTEMENT VAN ONDERWYS GAUTENG | 1ste Respondent |
| DIE LID VAN DIE UITVOERENDE RAAD VIR ONDERWYS: GAUTENG | 2de Respondent |
| DIE PREMIER VAN GAUTENG PROVINSIE | 3de Respondent |
| DAVID GERHARDUS FRANCOIS HARMSE | 4de Respondent |

## UITSPRAAK

MYNHARDT, R: Hierdie is 'n aansoek deur die twee applikante, naamlik die betrokke skool waar die voorval plaasgevind het hier ter

sprake op 1 Augustus 2003 en die Beheerliggaam van daardie skool, vir die regshulp soos uiteengesit in bede 1, 2 en 3 van die kennisgewing van mosie.

In 'n neutedop kom dit daarop neer dat die applikante vra dat die eerste tot en met die derde respondente gelas moet word om sekere dokumente, of rekords, wat uiteengesit word in 'n bylae tot die vestigende eedsverklaring, aan die applikante terug te besorg. In die tweede bede word 'n bevel gevra ingevolge waarvan die balju gemagtig word om beslag te lê op daardie dokumente as die respondente dit nie terugbesorg nie.

Tydens betoog deur me De Wet, wat vandag namens die applikante verskyn het, het sy aan die hand gedoen dat dit meer prakties sou wees indien 'n tydperk gestel word, indien die applikante suksesvol sou wees in die aansoek, naamlik dat die respondente dan gelas moet word om die dokumente binne 7 dae vanaf datum van die bevel terug te besorg. Mnr Matepe, wat vandag vir die eerste drie respondente verskyn het, het nie daardie wysiging teengestaan nie ook nie die wysiging wat aangevra is ten aansien van bede 2 van die smeekbedes in die kennisgewing van mosie, dat die balju eers beslag lê daarop as die respondente versuim om die dokumente terug te besorg nie. Die derde bede in die kennisgewing van mosie is vir 'n kostebevel teen die respondente. Omdat dit onseker was of die vierde respondent, wat blykens die stukke die prinsipaal van die betrokke skool is, die aangeleentheid gaan opponeer of nie, was die bede uit die aard van die saak wyd geformuleer om daarvoor voorsiening te maak dat hy ook betrek kan word by 'n kostebevel sou die applikante

08/03 2011 12:37 FAX 051 522 6903 FEDSAS 003/021



suksesvol wees en hy die aansoek geopponeer het. Die vierde respondent het nie die aansoek geopponeer nie.

Wat koste betref het me De Wet aangevoer dat as die applikante suksesvol is behoort 'n kostebevel op die skaal soos tussen prokureur en kliënt teen die respondente toegestaan te word. Die motivering daarvoor is vervat in paragraaf 29 van die repliserende verklaring. In die nege subparagrawe van daardie paragraaf word gehandel met die gronde waarom so 'n bestraffende kostebevel teen die eerste drie respondente aangevra word. Ek sal later in soverre dit nodig mag wees na daardie paragraaf verwys in meer besonderhede.

Die voorval hier ter sprake waaroor die applikante hulle bekla het plaasgevind op 31 Julie 2003. Dit is gemene saak op die stukke dat by daardie geleentheid 'n aantal persone hulle opwagting gemaak het by die skool en die vierde respondent, mnr Harmse, die prinsipaal van die skool, meegedeel dat hulle daar is om ondersoek te doen en om op dokumentasie beslag te lê. 'n Brief, Bylae FBV1, tot die vestigende eedsverklaring, is aan mnr Harmse voorgelê. Die brief is aan hom as prinsipaal van die eerste applikant, die skool, gerig. Dit dra die opskrif "Allegation of financial mismanagement and irregularities at Destinata Skool (sic)."

Die tersaaklike gedeelte van die brief lees soos volg:

"1 We have mandated Gauteng Audit Services to conduct a forensic audit at your school.

2. Please note that they have unrestricted access to all documents at your disposal as well as the right to seize documents in order to assist them in their audit.

5-APR-2004 16:14 FROM:DU PLESSIS EN EKSTEE 0123444434 TO:00514308920 P:4

3. They also have the right to interview individuals employed at the school at their discretion.

4. Please ensure that they are given the necessary co-operation."

Die brief is onderteken deur ene Mnr Sedumo in sy hoedanigheid as "Divisional Manager Management Accounting & Risk Management" van die Departement van Onderwys van Gauteng. Die brief is gedateer 25 Julie 2003. Blykens die stukke, en dit is gemene saak, het die here wat die oggend hulle opwagting by die skool gemaak het op 'n hele aantal dokumente, boeke, rekords en rekenaartoerusting beslag gelê. Die besonderhede daarvan is vervat in Bylae FBV4 tot die vestigende eedsverklaring. Dit is nie nodig om vir huidige doeleindes om in besonderhede daarna te verwys nie behalwe net om te vermeld dat dit duidelik is uit daardie bylae dat daar oënskynlik nie enige dokument oorgebly het in die kantoor waarop nie beslag gelê is en wat iets te doen het met die finansiële boekhouding en rekordhouding van die skool.

Hoe dit ook al sy, die agtergrond tot hierdie optrede van amptenare van die onderwys departement, volgens die antwoordende eedsverklaring, is te vinde in klagtes wat ontvang is volgens die eerste respondent wat die deponent is tot die antwoordende eedsverklaring van die eerste, tweede en derde respondente. Dit blyk uit die antwoordende eedsverklaring dat daar op 'n vroeë stadium reeds 'n verslag ingedien is deur 'n beampte van die departement, ene me Smith, dat daar sekere onreëlmatighede sou plaasgevind het, of nog steeds plaasvind, by die eerste applikant, die skool. Dit is nie nodig

om in besonderhede daarna te verwys nie. Die verslag van me Smith handel met verskeie aspekte, soos byvoorbeeld, finansiële onreëlmatighede of ongerymdhede wat daar na bewering sou plaasvind by die skool, en tweedens, met ongerymdhede ten aansien van die personeelvoorsiening by die skool en in die derde instansie met 'n ongelukkigheid, as ek dit so mag stel want ek dink nie dat dit verder gaan as dit nie, oor die samestelling, persentasiegewys, van die leerders by die betrokke skool. Vir die oomblik is dit wat geopper word in die verslag met betrekking tot finansiële ongerymdhede miskien van meer belang.

Na aanleiding van dit wat geboekstaaf word deur me Smith was haar aanbeveling gewees aan die Departement van Onderwys dat 'n span ouditeure aangewys word om die aangeleenthede te ondersoek. Die eerste respondent sê dat daar nie aandag gegee is aan daardie verslag wat in Mei 2002 deur die departement ontvang is nie. Wat toe gebeur het, volgens die eerste respondent, is dat daar toe ander klagtes ingedien was. Die eerste respondent openbaar nie wie die persone is wat hierdie klagtes geopper het of navrae gerig het aan die departement nie, nog minder die aard van die klagtes of onreëlmatighede wat dan nou deur hierdie persone geopper sou gewees het. Hy verwys in hierdie verband in paragraaf 2.2 van die antwoordende eedsverklaring na die twee sogenaamde "whistle blowers" wat navrae gedoen het by die departement oor die versuim om enige stappe te doen na aanleiding van bewerings van finansiële wanbestuur van skoolfondse en die misbruik van sy posisie deur die prinsipaal, die vierde respondent.

Die eerste respondent sê dat na aanleiding van die inligting wat ontvang is van hierdie twee persone hy toe besluit het om 'n ondersoek te gelas. Wat hy toe gedoen het was om dit aan mnr Sedumo oor te laat om toe te sien dat daar 'n ondersoek gelas word. Soos ek die stukke verstaan bestaan daar 'n interdepartementele entiteit, die eerste respondent verwys self daarna as 'n "entity", bekend as die Gauteng Audit Services en nog 'n entiteit, die Gauteng Shared Service Centre. Die gedagte was dat hierdie entiteit of entiteite die nodige ondersoek moet doen na bewerings van finansiële wanadministrasie by die skool. Onder datum 23 Julie 2003 skryf mnr Sedumo 'n brief aan, wat ek aanvaar, die hoof sou wees van hierdie twee entiteite na verwys, onder die opskrif "Request for Audit :- Destinata School." Die tersaaklike gedeelte van die brief lees soos volg:

> "Please find attached letter from whistle blower regarding irregularities at the above-mentioned school for your attention. You are hereby requested to perform an audit in order to verify the validity of the allegations. Please inform this office of the earliest date the audit can be performed."

Klaarblyklik in die kronologie was die aksie wat plaasgevind het by die skool op 31 Julie na aanleiding van hierdie brief en het die ander brief, waarna ek reeds verwys het, natuurlik sy oorsprong in daardie versoek vir die instel van 'n ondersoek. Blykens die stukke, en dit is ook gemeensaak, is daar toe op 'n groot aantal dokumente en ander rekords beslag gelê soos ek reeds vermeld het. Daardie dokumente en rekords is nog steeds in die besit van die eerste drie

08/03 2011 12:43 FAX 051 522 6903 FEDSAS 007/021



respondente, die een of die ander van hulle. Blykens die stukke is die ondersoek nog nie gefinaliseer nie en is die verslag wat aangevra was ook nog nie voltooi nie en dit na die verloop van ongeveer sewe maande. Dit daar gelaat en net terloops.

Onder datum 1 Augustus 2003 skryf die tweede applikant, die beheerliggaam van die skool, aan mnr Sedumo 'n brief met die strekking dat die optrede van die amptenare wat hulle opwagting by die skool gemaak het die vorige dag, onregmatig was en dat die eiendom van die skool wat daar verwyder is deur die amptenare ook natuurlik dan onregmatig geskied het. Die volgende versoek word dan onder andere aan mnr Sedumo gerig:

> "The property which includes all financial records, bank statements, receipts, minutes of meetings and personnel files of staff members must be returned according to SASA section 37(5) in terms of 20(1)(g)."

Die verwysing na "SASA" is natuurlik 'n verwysing na die South African Schools Act 1996, wet 84 van 1996, ("die Wet"). Die verwysing is dan na artikel 37(5) en 20(1)(g) van die Wet. In 'n verdere paragraaf van die brief word die volgende gesê:

> "The mentioned property is under the control of the School Governing Body, and the property was taken without permission of the SGB."

Laasgenoemde instansie is natuurlik die tweede applikant, die beheerliggaam van die skool. Mnr Sedumo word ook meegedeel dat as die dokumente nie terug besorg word teen 16:00, op 1 Augustus 2003 nie, sal die skool en die beheerliggaam onmiddellik die hof nader

5-APR-2004 16:15 FROM:DU PLESSIS EN EKSTEE 0123444434 TO:0051430820 P:8

vir 'n bevel vir teruggawe van die eiendom. In die laaste paragraaf word mnr Sedumo meegedeel dat die skool bereid is om uit hoofde van die bepalings van artikel 59(2) van die Wet inligting aan die eerste respondent te verskaf soos wat hy redelikerwys mag benodig. Die eerste respondent of enige van die ander respondente het nie op hierdie brief geantwoord nie. Uit die aard van die saak vorm dit dan ook deel van die motivering vir die applikante se versoek om 'n bestraffende kostebevel.

Die standpunt van die eerste drie respondente in die antwoordende verklaring is dat die amptenare die betrokke dag heeltemal reëlmatig opgetree het. Na aanleiding van die bewerings van finansiële onreëlmatighede en misbruik van sy posisie deur die vierde respondent, sê die eerste respondent in die antwoordende eedsverklaring dat die applikante skynbaar nie daarvan bewus is dat die eerste respondent gedurende die jaar 2000 'n omsendskrywe onder die opskrif "Circular 13/2000" aan skole en ander belanghebbende instansies uitgereik het, onder andere ook beheerliggame van skole, waarin sekere riglyne neergelê is vir die bestuur van die skoolfonds deur 'n beheerliggaam van 'n skool. Die eerste respondent sê dat uit hoofde van die bepalings van paragraaf 2.6.1 en 2.6.2 van daardie riglyne, die optrede van die amptenare en die optrede van mnr Sedumo heeltemal geregverdig is en heeltemal reëlmatig was. Om daardie rede, sê die eerste respondent, is daar geen meriete in die aansoek van die applikante nie en word dit gevra dat die aansoek afgewys word met koste.

Ten einde die situasie in perspektief te sien glo ek dat dit nodig

08/03 2011 12:45 FAX 051 522 6903 FEDSAS 009/021



is om kortlike na die skema van die Wet te verwys in soverre dit tersaaklik mag wees by beoordeling van die onderhawige aangeleentheid. Die eerste applikant is 'n openbare skool. In die Wet word daar in hoofstuk 3 gehandel met die daarstelling van openbare skole. Vir huidige doeleindes is dit voldoende om net na die bepalings van subartikel (1) van artikel 12 van die wet te verwys wat soos volg lees:

> "Die lid van die uitvoerende raad moet openbare skole vir die onderwys van leerders voorsien met fondse wat vir die doel deur die provinsiale wetgewer bewillig is."

Dit blyk uit die stukke, en dit is ook gemene saak, dat die eerste applikant in die onderhawige saak 'n skool is wat spesifiek voorsiening maak vir die leerbehoeftes en opvoedingsbehoeftes van leerders met leergestremdhede. Daardie besondere aspek word behandel in artikel 24 van die Wet. Ek is nie van voorneme om in detail daarna te verwys nie, behalwe net om te verwys daarna dat wat die beheerliggaam van so 'n skool betref daar persone daarop kan dien wat onder andere, soos bepaal in artikel 24(1)(e) "verteenwoordigers (is) van borgliggame." Ek noem hierdie aspek in die besonder omdat dit blyk uit die stukke dat daar ook op dokumente beslag gelê is deur die amptenare wat die eiendom is van 'n borgliggaam volgens die stukke van die applikante. Daardie bewering is nie in twyfel getrek deur die respondente nie en vir doeleindes van beregting hiervan moet dit aanvaar word dat deel van daardie dokumentasie inderdaad die eiendom is van 'n borgliggaam van die eerste applikant. Die dokumentasie was natuurlik onder die beheer van die eerste en

5-APR-2004 16:16 FROM:DU PLESSIS EN EKSTEE 0123444434 TO:00514308920 P:10

tweede applikante, omdat dit onder die direkte fisiese beheer van die vierde respondent, die prinsipaal van die skool, was.

Hoe dit ook al sy, om dan terug te kom na die skema van die Wet. Dit blyk uit artikel 15 dat elke openbare skool, soos die eerste applikant in hierdie geval, 'n regspersoon is met "die wetlike bevoegdhede om sy werksaamhede ingevolge hierdie wet te verrig." Die verhouding tussen die eerste en tweede applikante word aangeraak in artikel 16 van die Wet waarvan subartikels (1) en (2) bepaal dat die beheer van 'n openbare skool in die beheerliggaam setel wat slegs die magte en verpligtinge mag uitvoer soos deur die Wet voorgeskryf en, wat miskien meer belangrik is, dat die beheerliggaam in 'n vertrouensposisie staan teenoor die skool. Die Wet maak ook voorsiening vir die grondwet van 'n beheerliggaam en wat dit behoort te bevat en daar is ook sekere ander voorskrifte wat nie tersake is vir huidige doeleindes nie.

Die werksaamhede van die beheerliggaam, die tweede applikant in die onderhawige geval, word uitgespel in artikel 20 van die wet. Hierdie artikel is gebiedend bewoord omdat die inleidende woorde van subartikel (1) daarvan soos volg lees "Behoudens hierdie wet moet die beheerliggaam van 'n openbare skool" en dan word uitgespel wat die beheerliggaam alles moet doen. Vir huidige doeleindes, uit die oogpunt van die applikante gesien, is die bepalings van subparagraaf (g) van subartikel (1) van die artikel van belang wat soos volg lees:

> "die skool se eiendom asook die geboue en gronde deur die skool beset met inbegrip van koshuise, indien van toepassing, administreer en beheer."

Dit blyk daaruit dat dit die beheerliggaam is wat belas is met die administrasie en beheer van die skool se eiendom. Blykens artikel 23 van die Wet is die prinsipaal van 'n openbare skool 'n lid van die beheerliggaam van 'n skool. Hy of sy is dit in sy of haar "amptelike hoedanigheid." Daarbenewens bestaan die beheerliggaam uit verskeie ander lede, onder andere, verkose lede wat insluit ouers van leerders by die skool en opvoeders en ook leerders van die skool. Dit net om 'n idee te gee van die samestelling van die beheerliggaam wat belas is met die pligte reeds na verwys. Wat die eiendom van die skool betref, dit waarna verwys word in artikel 20(1)(g) van die Wet, vind 'n mens wat daardie aspek betref leiding in die bepalings van artikel 37(1) van die Wet. Die subartikel lees soos volg:

> "Die beheerliggaam van 'n openbare skool moet 'n skoolfonds instel en dit administreer ooreenkomstig voorskrifte deur die departementshoof uitgereik."

Die ander subartikels van hierdie artikel maak daarvoor voorsiening dat alle gelde wat 'n skool invorder of wat hom toekom, deel vorm van die skoolfonds wat dan onder die beheer en administrasie van die beheerliggaam is. Subartikel (5) bepaal dat

> "Alle bates deur die openbare skool verwerf, of op na die inwerkingtreding van hierdie wet, is die eiendom van die skool."

In hierdie artikel is dit dus baie duidelik dat wat die skoolfonds in besonder betref, naamlik gelde wat ontvang word deur die skool wat vir die voordeel van die skoolfonds ontvang is, dit die eiendom is van die eerste applikant in die onderhawige geval. Artikels 42 en 43 van die Wet handel met die hou van finansiële rekords en state deur

08/03 2011 12:50 FAX 051 522 6903 FEDSAS 012/021



openbare skole soos die eerste applikant. Dit lê die plig op die beheerliggaam van 'n openbare skool, die tweede applikant in die onderhawige geval, om:

> "(a) rekord (te) hou van fondse ontvang en bestee deur die openbare skool en van sy bates, laste en finansiële transaksies en
>
> (b) so spoedig as moontlik maar nie later nie as 3 maande na die einde van elke boekjaar jaarlikse finansiële state opstel ooreenkomstig die riglyne wat deur die lid van die uitvoerende raad bepaal is."

Hierdie is 'n noodsaaklike voorskrif, na my oordeel, om sorg te dra dat daar behoorlik rekord gehou word van die administrasie van 'n skool se skoolfonds. Artikel 43 maak dan voorsiening vir 'n jaarlikse oudit deur 'n gekwalifiseerde rekenmeester en ouditeur wat die rekords van die skool moet oudit. Afskrifte van hierdie geouditeerde state of die ouditverslag moet verskaf word aan die eerste respondent in sy hoedanigheid as departementshoof en dan bepaal artikel 43(4) in hierdie konteks die volgende wat 'n baie belangrike bepaling is na my oordeel:

> "Indien die Lid van die Uitvoerende Raad dit nodig ag, kan hy of sy die Ouditeur-Generaal versoek om 'n oudit van die rekords en finansiële state van 'n openbare skool te onderneem."

'n Ander bepaling wat in die konteks van die onderhawige saak vermelding verdien is artikel 59 van die Wet. Subartikels (1) en (2) van hierdie artikel lees soos volg:

5-APR-2004 16:17 FROM:DU PLESSIS EN EKSTEE 0123444434 TO:00514308920 P:13

"(1) 'n Skool moet inligting beskikbaar stel vir inspeksie deur enige persoon, vir sover sodanige inligting vir die uitoefening en beskerming van sodanige persoon se regte vereis word.

(2) Elke skool moet die inligting oor die skool wat redelikerwys deur die Departementshoof of die Direkteur-generaal van die nasionale Departement van Onderwys in samewerking met die Departementshoof vereis word, voorsien."

Ek glo dat hierdie verwysing na die verskillende bepalings van die Skolewet 1996, die raamwerk met voldoende duidelikheid daarstel waarbinne die eerste respondent en die tweede respondent funksioneer in samewerking met 'n openbare skool soos die eerste applikant en die beheerliggaam van so 'n skool soos die tweede applikant. Die eerste respondent sê, soos reeds vermeld, dat die riglyne wat hy uitgereik het kragtens artikel 37(1) van die Wet, die optrede van die amptenare magtig. In die besonder steun die eerste respondent vir daardie standpunt van hom op die twee subparagrawe waarna ek reeds verwys het naamlik 2.6.1 en 2.6.2. Hierdie twee subparagrawe, wat voorkom in die riglyne onder die opskrif "Investigations by the Head of Department" lees soos volg:

"2.6.1 The Head of Department or his or her delegate may at any time call for a report or such other particulars as he or she may consider necessary in connection with the administration of the school fund.

2.6.2 The Head of Department may also appoint an officer to investigate and to report to him or her on the administration of the school fund."

Tydens betoog het mnr Matepe, as ek hom reg verstaan het, probeer om die optrede van die eerste respondent en die amptenare te regverdig op grond van die bepalings van artikel 59(2) van die Wet waarna ek reeds verwys het. Ek meen nie dat daar enige meriete in daardie betoog is nie. Blykens die stukke weet die hof nie wat die aard was van die onreëlmatigheid wat aan die eerste respondent gerapporteer sou gewees het deur die sogenaamde fluitjieblasers nie. Die eerste respondent het nie sy weg oopgesien om vir die hof te sê wat daardie klagtes behels het nie. Die eerste respondent het verkies om te volstaan met 'n bewering bloot van inligting met betrekking tot finansiële onreëlmatighede wat daar sou plaasgevind het. Dit blyk uit die brief van 23 Julie, waarna ek reeds verwys het, dat slegs die klagte, as ek dit so mag noem, van die een sogenaamde fluitjieblaser aan mnr Sedumo beskikbaar gestel was. Na my oordeel beteken dit dat die inhoud van die Smit verslag, waarna in die stukke verwys word, sowel as die inhoud van die klagte van die ander sogenaamde fluitjieblaser nie ter sake was vir die eerste respondent toe hy besluit het op verdere optrede nie. Nêrens in die stukke is daar enige suggestie dat die ander klagte van die sogenaamde fluitjie blaser of die Smit-verslag enige besondere rol gespeel het in die besluit wat geneem was deur die eerste respondent teen ongeveer 23 Julie 2003 nie.

Uit die strekking van die inhoud van daardie brief kan dit ook nie

08/03 2011 12:54 FAX 051 522 6903 FEDSAS 015/021



geargumenteer word dat dit 'n kwessie was van inligting wat verlang was deur die eerste respondent ingevolge die bepalings van artikel 59(2) van die Wet nie. Daardie artikel bepaal baie duidelik na my oordeel dat daar 'n plig op die skool is om inligting wat redelikerwys verwag word te verskaf aan die eerste respondent in gevalle waar dit aangevra word. Dit is nie wat in die onderhawige geval plaasgevind het nie. Wat die eerste respondent betref, soos blyk uit die bewoording van daardie brief, was dit die ouditafdeling wat 'n interdepartementele eenheid is, wat die geldigheid al dan nie van die klagtes moes verifieer of bepaal. Daar was nie 'n navraag aan die skool om inligting te verstrek na aanleiding van klagtes wat ontvang sou gewees het nie. Die beroep op artikel 59(2) van die Wet kan dus nie opgaan nie.

Dit bring my terug by die bepalings van artikel 37(1) van die Wet. Me De Wet het in hierdie verband twee submissies gemaak. Die eerste was dat vir soverre die eerste respondent gemagtig is deur artikel 37(1) om sekere voorskrifte ten aansien van die administrasie van die skoolfonds uit te reik, die bepalings van paragrawe 2.6.1 en 2.6.2 nie magtiging verleen vir wat op 31 Julie by die skool plaasgevind het, naamlik beslaglegging op die dokumente en rekords van die skool, nie. In hierdie verband meen ek kan verwys word na die inhoud van paragraaf 2.6.1 wat bepaal dat die eerste respondent 'n verslag kan aanvra of ander besonderhede. Klaarblyklik moet daardie verslag wat aangevra word, of verdere besonderhede, 'n verslag wees van die betrokke skool. Die eerste respondent, soos blyk uit die bepalings van die Wet waarna ek reeds verwys het,

5-APR-2004 16:18 FROM:DU PLESSIS EN EKSTEE 0123444434 P:16

08/03 2011 12:56 FAX 051 522 6903 FEDSAS 016/021



ontvang op 'n jaarlikse basis geouditeerde state van die betrokke skool en as hy enige verdere inligting verlang sou dit uit die aard van die saak inligting wees wat van die skool verlang word. Vir sover 'n mens dan daardie paragraaf mag tuisbring onder die begrip riglyne wat uitgereik of voorskrifte wat uitgereik kan word om die skoolfonds te administreer, sou dit uit die aard van die saak kommunikasie wees tussen die skool en die eerste respondent. Dit is nie wat in hierdie geval gebeur het nie.

In die tweede instansie maak subparagraaf 2.6.2 daarvoor voorsiening dat 'n beampte aangestel kan word om ondersoek in te stel en verslag te doen aan die eerste respondent. Me De Wet se submissie was dat hierdie subparagraaf ook nie voorsiening maak vir beslaglegging op dokumente soos wat by die skool gebeur het nie. Die tweede applikant se siening van sake, soos blyk uit die brief van 1 Augustus 2003, was dat as die eerste respondent so 'n ondersoek as gepas beskou, die twee applikante hulle samewerking sal verleen "as long as the audit takes place on the premises of the school, the school will also provide the venue for the necessary audit." Wat hierdie besondere aspek betref meen ek dat die submissie van me De Wet korrek is. Daardie twee subparagrawe op sigself verleen nie magtiging vir beslaglegging soos wat die dag by die skool gebeur het nie. Dat daar inderdaad 'n beslaglegging was op dokumente blyk ook gemeensaak te wees op die stukke, aangesien die eerste respondent in paragraaf 2.8 van die antwoordende eedsverklaring sê, nadat hy verwys het na die klagtes van onreëlmatighede of bewerings van onreëlmatighede wat ontvang is, dat "it is for that reason that the

5-APR-2004 16:19 FROM:DU PLESSIS EN EKSTEE 0123444434 TO:00514308920 P:17

auditors confiscated all documentation and computer files recorded in Annexures FBV3 and FBV4."

Mnr Matepe het aan die hand gedoen dat kragtens die magtiging aan hom verleen deur artikel 37(1) van die Wet, die eerste respondent wel beslaglegging kon doen van die rekords soos wat in dié geval gebeur het. Die antwoord van die applikant was, in die stukke en soos ook voorgedra deur me De Wet, dat vir soverre die respondente wil staatmaak op die bevoegdhede wat in paragrawe 2.6.1 en 2.6.2 verleen word, sou dit aanvaar word dat vir beslaglegging voorsiening gemaak word, dit in ieder geval *ultra vires* die magte verleen in artikel 37(1) van die Wet is. In die stukke is daar 'n aanduiding en 'n suggestie, en mnr Matepe het dit ook skynbaar as 'n laaste-loopgraaf-argument probeer aanwend, dat dit nou 'n nuwe punt is wat deur die applikante geopper is in die repliserende eedsverklaring.

Die gedagte was, of die suggestie was, dat die respondente daardeur benadeel is omdat hulle nie 'n geleentheid gehad het om in die antwoordende verklaring daarmee te handel nie. Ek dink nie hierdie klagte, vir sover dit 'n klagte is aan die kant van die respondente, is geregverdig nie. Ten spyte van die brief van 1 Augustus 2003, waarna ek reeds verwys het, het nie een van die respondente dit goed geag om op 'n vroeër stadium as in die antwoordende verklaring, wat terloops ook laat afgelewer was, regverdiging te probeer voorhou vir die optrede van die amptenare op 31 Julie 2003 nie. Me De Wet het aan die hand gedoen dat dit die eerste keer was dat die applikante verneem het van die standpunt van die respondente, toe hulle die antwoordende verklaring ontvang het

waarin die punt gemaak word, dat uit hoofde van hierdie voorskrifte die optrede van die amptenare regverdig was. Die antwoord in die repliserende verklaring was dat vir sover daar op artikel 37(1) staatgemaak word vir die verlening van beslagleggingsbevoegdhede, dit *ultra vires* is wat in die riglyne vervat is.

Onder die omstandighede, en veral nog as 'n mens in gedagte hou dat dit die respondente in ieder geval vrygestaan het om 'n verdere eedsverklaring af te lewer sou hulle dit goed gevind het, en bes moontlik dan verlof daarvoor van die hof te gekry het, hulle met daardie punt kon gehandel het. Hulle het dit nie gedoen nie. In ieder geval dink ek is die standpunt van me De Wet heeltemal geregverdig, dat die applikante nie verwag kon word om in die vestigende eedsverklaring reeds daardie punt te behandel het nie in die lig van die feit dat die respondente hulle nie verwerdig het om 'n antwoord te gee op die brief van 1 Augustus 2003 wat aan mnr Sedumo gerig was nie. Die vraag uiteindelik is dan, vir soverre dit moontlik gesê kan word dat daardie twee subparagrawe in die riglyne bevoegdheid verleen aan die amptenare wat hulle opwagting gemaak het by die skool om beslaglegging van die dokumente te doen, of dit gemagtig was.

Ek het geen twyfel dat dit nie gemagtig was nie. Die bepalings van artikel 37(1) moet na my mening gesien word in die konteks van die raamwerk met betrekking tot beheer van die fondse en oorhoofse toesig daaroor. Die beheer van die fondse staan regstreeks onder die gesag van die tweede applikant, die beheerliggaam van die skool, soos van enige ander openbare skool. Ten einde te verseker dat daar kontrole gehou word oor die optrede van die beheerliggaam het 'n

mens, na my mening, die voorsiening ten aansien van geouditeerde state wat moet voorberei word op 'n jaarlikse basis. In aansluiting hierby kry 'n mens dan ook die bepalings van artikel 44 van die Wet wat bepaal dat die boekjaar van 'n openbare skool op 1 Januarie van elke jaar begin en eindig op die laaste dag van Desember van elke jaar. 'n Mens weet dus presies oor welke tydperk die finansiële jaar van 'n skool strek en wanneer daardie oudit uitgevoer moet word. Die voorskrifte van die Wet in hierdie verband is spesifiek.

Die belangrikste faktor in hierdie skema van toesighouding meen ek is te vinde in die bepalings van artikel 43(4) van die Wet, ingevolge waarvan die tweede respondent in die onderhawige saak die Ouditeur-Generaal kan versoek om 'n, mag ek sê, amptelike oudit uit te voer op die rekords en finansiële state van 'n openbare skool. Dit is algemeen bekend, meen ek, dat 'n oudit deur die Ouditeur-Generaal in die besonder daarop toegespits sal wees om onreëlmatighede aan die lig te bring. Vir soverre in hierdie skema dan die eerste respondent ook bekommernisse sou hê oor finansiële onreëlmatighede wat mag plaasvind, is daar die ander bepalings waarna ek reeds verwys het en meer in besonder die bepalings van artikel 59(2) van die Wet, wat hom instaat sou stel daartoe om die aangeleentheid verder te voer as hy 'n vermoede sou hê dat daar finansiële onreëlmatighede plaasvind. Ek kan in geen van die tersaaklike bepalings van die Wet waarna ek verwys het enige aanduiding vind dat sulke wye en omvattende magte aan die eerste respondent vergun word, soos wat die eerste respondent sê hy het uit hoofde van artikel 37(1), om op die dokumente beslag te gelê op 31 Julie 2003 nie.

Vir soverre die eerste respondent dan op artikel 37(1) staatmaak en die voorskrifte wat wel uitgereik is kragtens daardie artikel, vir beslaglegging op die dokumente in die onderhawige geval, meen ek dat die submissies van me De Wet hieromtrent, naamlik dat dit *ultra vires* is, ook korrek is en ek bevind dan vir sover dit nodig is dat daardie magte wat die eerste respondent homself toegeëien het inderdaad van geen krag en effek is ingevolge die bepalings van artikel 37(1) van die Wet nie. Dit volg dus hieruit dat na my oordeel die aansoek behoort te slaag.

Die vraag is vervolgens of 'n bestraffende kostebevel teen die respondente gemaak moet word. Ek is van oordeel dat die regverdiging wat voorgehou word deur die applikante, veral in die tersaaklike paragraaf in die repliserende verklaring waarna ek verwys het, genoegsame basis daarstel waarom 'n bestraffende kostebevel in die onderhawige geval gemaak behoort te word. Die respondente het deur middel van die amptenare en die entiteit waarna verwys is, na my oordeel 'n hooghartige houding ingeneem ten aansien van die dokumente van die twee applikante onder hulle regmatige beheer, wat tot nou nog nie na my oordeel geregverdig is in die stukke voor die hof nie, omdat die hof nie meegedeel is wat presies die aard van die klagtes was wat deur die sogenaamde fluitjieblaser, wat die aanleiding was tot die ondersoek en die beslaglegging, aanhangig gemaak was nie. Onder die omstandighede meen ek dat die versoek vir 'n bestrafde kostebevel ook geregverdig was.

Ek maak 'n bevel soos volg:

1. Die eerste en/of tweede en/of derde respondente of enige

persone of instansie wat voorgee om namens enige van die respondente op te tree, word gelas om die dokumente, rekords en bates uiteengesit in Bylae FBV4 tot die funderende beëdigde verklaring, aan die eerste en tweede applikante terug te besorg binne 7 dae na datum van hierdie bevel.

2. Die balju word gemagtig om beslag te lê op die dokumente, rekords en bates uiteengesit in Bylae FBV4 tot die funderende eedsverklaring en om sodanige dokumente, rekords en bates aan die applikante te oorhandig, indien die respondente versuim om dit terug te besorg soos vermeld.

3. Die eerste tot derde respondente word gelas om gesamentlik en afsonderlik, die een te betaal die ander afgelos te word, die koste van die aansoek te betaal op die skaal soos tussen prokureur en kliënt.

---ooOoo---